HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 54 van 2026**

24 April 2026

Geagte Ouer/Voog

**HOËRSKOOL RANDBURG GHOLFDAG: 29 JULIE 2026**

Ons neem graag die vrymoedigheid om u vir ons jaarlikse gholfdag te nader. Dit vind die jaar te Randpark gholfbaan plaas. Vanweë die onbaatsugtige en heelhartige ondersteuning van die sakegemeenskap was hierdie dag nog altyd 'n groot sukses.

Ons doen 'n beroep op u om ons op die volgende wyses te ondersteun:

- Borg van 'n hele putjie (bof en setperk) **– R5000,00**
- Pryse (ons wil graag aan elke speler 'n prys gee). Dit hoef nie gholfverwant te wees nie.
- Speelfooi – **R1250,00** per speler/**R5000,00** per vierbal (dit sluit in: speelfooi, karretjie, Halfweghuis-ete en oefenballe om by die dryfbaan en aandfunksie te gebruik). Daar sal ook 'n afbetalingsopsie wees om u vierbal af te betaal. Gelde moet teen 1 Augustus vereffen word. Kontak ons indien u daarin sal belangstel.
- 'n Kontantkroeg is vir u eie rekening beskikbaar.
- Enige donasie is ook welkom, al speel u nie gholf nie

Wanneer u borg, sal ons u maatskappy se reklamemateriaal by die bof en setperk aanbring, indien u so verkies. Indien u belangstel, vul asseblief die volgende *Google* vorm in óf stuur 'n e-pos na gholfdag@hsrandburg.co.za.

**BANKBESONDERHEDE:**

| | |
|---|---|
| **Naam:** | **Hoërskool Randburg** |
| **Bank:** | **ABSA** |
| **Rekeningnommer:** | **170680065** |
| **Takkode:** | **632005** |
| **Tipe Rekening:** | **Tjek** |
| **Verwysing:** | **Voorletter, Van en Gholfspeler of Gholfborg** |

Let asseblief daarop dat ons gholfdag baie gewild is en dus word u aangeraai om betyds te bespreek.

Gebruik die volgende skakel om 'n donasie te maak of u plek te bespreek.

https://bit.ly/Gholfdag

Die kompetisie is 'n beterbalkompetisie. Die maksimum voorgee is 18 vir mans (al het u 'n amptelike voorgee van 21) en vir dames is die maksimum voorgee 28.

Daar word ook addisionele kompetisies en prystrekkings vir die dag beplan. Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons en ons skool.

Byvoorbaat dankie vir u bydrae en ondersteuning.

Vriendelike Randjiegroete

E. Gouws
Hoof: Finansies

P. Booysen
Skoolhoof